

# Die Dinsdag voor Jesus gekruisig is

(Markus 12-13)

Die Dinsdag word gekenmerk deur die stryd wat Jesus voer om die hart van Israel. Hy maak hierdie stryd baie duidelik in die gelykenis van die boer en die wingerd (Mark. 12:1-12).

God is die Boer wat sy wingerd aan die Joodse leiers gegee het om mee te woeker, maar die profete wat Hy na die leiers gestuur het om die vrug in te samel, is telkens doodgemaak. Die leiers wil nie aan hulle sonde herinner word nie en daarom maak hulle die profete dood.

Ten einde laaste het die boer sy seun gestuur, maar hulle het hom ook doodgemaak.

Dit is presies wat ook hier gebeur. In vers 12 lees ons dat die leiers 'n plan gesoek het om Jesus dood te maak. Hulle is op hulleself gerig. Hulle lewens draai net om hulleself. Hulle wil nie aan Hom die nodige vrug op die arbeid gee wat Hom toekom nie.

Die hartseer werklikheid is dat ons iets van dieselfde hartsgesindheid in ons eie lewens sien. Ons word ook kwaad wanneer ons op ons sonde gewys word. Ons word ook kwaad wanneer 'n persoon meer van ons verwag as wat ons bereid is om te gee. Ons is nie bereid om opofferings te maak nie. Net soos die Jode, het ons ook op 'n punt gekom waar ons eie gemak en eer vir ons die belangrikste is. Ons harte is nie op God gerig nie.

Ons moet die inperking sien as 'n tyd van ondersoek. Wat doen ons met die seëninge wat die Here aan ons gee? Gebruik ons dit vir ons eie gewin? Gebruik ons dit om ons eie gemak te bevorder? Is ons harte gerig op aardse voorspoed en geluk?

Tot ouers se frustrasie, is die eerste woord wat kinders leer, "myne". Dis so anders as wat ouers wil hê, maar soveel te meer is dit ook so anders as wat ons hemels Vader van ons wil hê.

Daarom is Jesus vir ons so wonderlike voorbeeld. Hy gebruik die heerlike gawe nie net vir sy eie gemak nie. Hy het intendeel sy gemak opgegee deur 'n mens te word. En Hy doen dit om vir ons tot seën te wees. Hy skenk ons vruggebruik.

Ons sal hierdie genade van verlossing en krag net tot voordeel van die koninkryk gebruik wanneer ons besef hoe oorvloedig die genade is wat ons in Christus ontvang het. Jesus se genade en liefde verander ons harte!!

Dit is soos iemand wat net N\$10 het en dan kom iemand anders en steel dit. Die feit dat so persoon se enigste hoop van hom weggeneem is, sal so persoon dryf tot moord!

Maar as jy N\$1 000 000 het en iemand steel N\$10 dan sal jy selfs bereid wees om vir hom nog N\$10 te gee uit jou oorvloed.

Ons is triljoenêrs in Christus. Indien ons nie bereid is om met ander te deel nie, wys dit dat ons nog nie die rykdom van die evangelie verstaan nie.

Wees vir ander tot seën, deel met ander soos Christus hierdie genade in oorvloed met ons deel. So lewe wys dat jou hart by God is.